5. Geleentheid om met mense van die Jeugvriend se eie kultuurhuishouding te sosaliseer.
6. Jeugvriende verkry ook toegang tot diensvoordele wat vir volwassenes daargestel word soos 'n verlore sleutels diens.
7. Toegang tot Voortrekkerinligting dmv e-pos en internet.
8. Meelewing uit die Afrikanerkultuur huishouding met geleenthede soos verjaarsdae en ander besondere gebeurtenisse.
9. Toegang tot gebruik van fassiliteite van Die Voortrekkers.

WAT KAN U NOU VAN DIE VOORTREKKERS VERWAG

1. Indien u belangstel om as Jeugvriend betrokke te raak by Die Voortrekkers moet u die meegaande inskrywingsvorm invul en aan die betrokke Voortrekkerkommando se bestuur deurgee.
2. Die kommandosekretaresse sal aan u 'n "Aansoek om lidmaatskap as volwassene" beskikbaar stel wat u asseblief moet invul sodat die kommando dit aan Die Voortrekkers kan deurstuur vir uitreiking van 'n lidmaatskapnommer.
3. Die kommando sal aan u 'n aansluitingssertifikaat beskikbaar stel wat u gerus in u kantoor kan ophang.
4. Die kommando sal een van die dagbestuurslede benoem wat as skakelpersoon met al die jeugvriende sal dien.
5. Die kommando sal aan u 'n jaarprogram beskikbaar stel ten einde u geleentheid te bied om by aktiwiteite betrokke te raak.
6. Die kommando sal u besonderhede aan die kommandobestuur beskikbaar stel sodat ander volwassenes, van die dienste wat u aanbied, kan kennis neem.
7. Die kommando sal geleenthede skep waar meer Jeugvriende gewerf kan word.
8. Die kommando sal aan die einde van die jaar die nodige dankerkenning aan jeugvriende van die kommando gee.

	Die Voortrekkers **JEUGVRIEND INLIGTINGSDOKUMENT**	**Vorm L12** **2007**

DIE ROL VAN DIE VOORTREKKERS

Die Voortrekkers is 'n jeugbeweging wat die Afrikanerjeug wil toerus vir hulle diens aan God, volk, land en medemens. Om dit te kan doen word volwassenes meestal as spanoffisiere, heemraadslede en staatmakers gebruik om deur middel van sinvolle aktiwiteite die jeug daartoe te lei.

HOEKOM JEUGVRIENDE

Daar bestaan 'n behoefte by 'n aantal volwassenes om deel te wees van 'n lojale ondersteunersgroep wat hulleself daartoe verbind om 'n diens aan die Voortrekkers te lewer maar om bepaalde redes nie as 'n voltydse offisier, heemraad of staatmaker betrokke kan wees nie. Daar is ook 'n behoefte by lede van Die Voortrekkers wat vir baie jare aktief leiding geneem het in Die Voortrekkers om verder betrokke te bly. Jeugvriende kan 'n groot bydrae lewer om die aktiwiteite van Die Voortrekkers in die betrokke gemeenskap of selfs wyer behoorlik uit te bou. Daarom wil Die Voortrekkers graag aan persone wat om hierdie redes by Die Voortrekkers betrokke wil lidmaatskap as Jeugvriend bied.

WAT KAN DIE JEUGVRIEND BYDRA TOT DIE VOORTREKKERS

1. Persoonlike ondersteuning van Die Voortrekkers in die gemeenskap of werksomgewing.
2. Beskikbaarstelling van fassiliteite soos vergaderlokale, kampeerterreine, vervoermiddels, dupliseerfassilteite, rekenaartoerusting en sekretariële hulp.
3. Aanbied van lesings op eie kundige gebied aan jeuglede en volwasse lede.
4. Daarstelling en instandhouding van argief / museum vir Die Voortrekkers en Afrikanerkultuur.

5. Betrokke wees in projekte soos koffieprojek, bouprojek, fonds-insamelingsprojekte en herstelwerk.
6. Hulpoffisiere van spanne en by gebiedskampe en hulp met funksies.
7. Stel sy werksomgewing beskikbaar vir senior jeuglede om inligting in te win vir die maak van 'n beroepskeuse.
8. Behulpsaam om borge vir Die Voortrekkers te bekom ten einde behoeftige gesinne en ander Voortrekkerprojekte te ondersteun
9. Span en kommando administrasie hulp, stoorkamer fassiliteit en stoormeester
10. Finansiële beplanning, boekhouding en oudit van boeke
11. Foto's neem, maak albums en ander argiefmateriaal
12. Hanteer 'n biblioteek en argief vir die kommando.
13. Rekords/loopbaanrekordkaarte op datum hou.
14. Jaarblad vir kommando saamstel.
15. Media berigte gereeld skryf en saam met fotos instuur.
16. Voortrekkerdrag bestellings hanteer.
17. Bevorder die beeld van Die Voortrekkers in die gemeenskap.

WAT KAN DIE VOORTREKKERS AAN DIE JEUGVRIEND BIED

1. 'n Ruimte waarbinne die Jeugvriend voel dat hy / sy 'n waardevolle bydrae lewer tot die uitbou van die Christen-Afrikaner kultuur binne die Suid Afrikaanse gemeenskap.
2. Geleentheid waar die jeugvriend persoonlike inligting kan bekom rondom die stand van die Afrikanerkultuur in sy gemeenskap en self hulp kan aanbied waar dit nie so goed gaan nie.
3. Persoonlike verrykingsgeleenthede met ons eie Voortrekker kursusse en toegang tot ander bekende kursusse.
4. Jeugvriende bekom ook al die finansiële voordele wat ons vir Die Voortrekkers se volwasse lede beding.